



# Prikkelvoeding van ooie: 'n Hulpmiddel of geldmors?

Jan Louis Venter, NWKV Produksie-adviseur: Vrystaat

## Effek van prikkelvoeding op die lampersentasie van 2 250 Merino-ooie

	Proefgroepe					
	Ooi enkeling gebore		Ooi gebore as een van tweeling		Ooi wat vorige seisoen meerlinge gelam het	
	Geen prikkelvoeding	Prikkelvoeding	Geen prikkelvoeding	Prikkelvoeding	Geen prikkelvoeding	Prikkelvoeding
<b>Lampersentasie</b>	102%	109%	101%	111%	123%	149%
<b>Respons per 100 ooie gepaar</b>	Sewe ekstra lammers		Tien ekstra lammers		26 ekstra lammers	

Daar word al vir meer as 100 jaar navorsing gedoen oor die effek van prikkelvoeding op die reproduksie van ooie. Die resultate van hierdie navorsing is wissellend, soos blyk uit die volgende:

- Clarke kon in 1934 'n verhoging in ovulasietempo van 0,4 ovulasies per ooi bewerkstellig met die toediening van prikkelvoeding. Die jaar daarna is 'n verhoging in 0,2 ovulasies met dieselfde prikkelvoeding gekry.
- Ander navorsers het later minder wisselende resultate gekry en 'n verhoging van 0,3 tot 0,5 ovulasies per ooi teweeg gebring, terwyl ander geen respons op prikkelvoeding gevind het nie.
- As die navorsing van 50 prikkelvoedingproewe (22 800 ooie) in Australië gekombineer word, het die gemiddelde respons op lampersentasie gewissel tussen -14% en +21%. Soortgelyke resultate is plaaslik deur Hendrik van Pletzen verkry, waar die respons tussen -17% en +15% gewissel het.

Is prikkelvoeding by ooie dan die moeite werd? Navorsing deur dr Jasper Coetzee verskaf die riglyn: die antwoord lê opgesluit in watter ooi die prikkelvoer ontvang.

Dr Coetzee het die proef-ooie vir sy navorsing in drie groepe verdeel. Groep 1 was ooie wat self 'n enkeling was by geboorte; groep 2 het bestaan uit ooie wat self een van 'n tweeling by geboorte was en groep 3 was ooie wat in die vorige seisoen meerlinge gelam het.

Elke groep is in twee verdeel. Die een sub-groep het geen prikkelvoeding ontvang nie, terwyl die ander sub-groep spesiale prikkelkorrels teen 300 g per ooi per dag vanaf drie weke voor paring vir ses weke gevoer is. Die prikkelkorrels het uit hoë vlakke van deurvloei-eiwitte en sogenaamde rumenaktiveerders bestaan.

Die saamgestelde resultate van die studie word in die tabel gewys.

Uit hierdie navorsing is dit duidelik dat hoogs vrugbare ooie meer responsief is en die beste op prikkelvoeding reageer. Die gelykbreekpunt in terme van die koste van die prikkelvoerkorrels was ses ekstra lammers per 100 ooie.

Die jongste aanbevelings ten opsigte van prikkelvoeding is die volgende:

- Dit is algemeen bekend dat ooie wat met

paring in massa toeneem, meer geneig is om tweeling te produseer as dié wat massa handhaaf of verloor. Ooie moet in 'n goeie kondisie (3,5 kondisiepunt) wees met die aanvang van die paarseisoen. Die beste resultate word verkry deur die ooie twee maande voor die paarseisoen in spaarkampe te plaas en dan die prikkelvoer te gee.

- Ooie wat kunsmatig gesinchroniseer word, moet prikkelvoer kry vanaf 14 dae voor hulle geïnsemineer of gepaar word, vir drie weke lank.
- Ooie wat met koggelramme gesinchroniseer word, moet vanaf 14 dae voor die ramme bykom, vir vier weke lank prikkelvoeding ontvang.
- Ooie wat nie gesinchroniseer word nie, moet prikkelvoeding ontvang vanaf 14 dae voor die ramme bykom, vir 'n periode van ses weke lank.

Die skrywer bedank dr Jasper Coetzee vir sy bydrae tot die skryf van hierdie artikel. Rig verdere navrae aan Venter by 083 650 1131 of [jlventer@intekom.co.za](mailto:jlventer@intekom.co.za).